



WELTEWOORD

GEMEENTEBLAD VAN NG WELTEVREDEN



'n Nuwe

NORMAAL?

Neil du Plessis

Die “nuwe normaal” is beslis een van die gonswoorde van 2020. Dié term het die eerste keer sy opwagting gemaak na afloop van die wêreldwye resessie in 2008-2012. Dit verwys onder andere na ’n toestand wat heers in ’n ekonomie en gemeenskap na afloop van ’n krisis. Ons beleef nou weer iets hiervan. Almal wonder hoe die lewe na afloop van die koronavirus gaan lyk.

Die krisis het gemengde reaksie ontlok. Aan die een kant is positiewe gewoontes gevestig, bv. ’n sterker fokus op persoonlike higiëne, gesonder eetgewoontes, meer gereelde oefening, groter spaarsamigheid, ’n soberder leefstyl en meer kwaliteit-tyd saam met geliefdes. Aan die ander kant het die krisis ook ’n hele paar negatiewe dinge blootgelê wat dringende aandag verdien bv. die groeiende ongelykheid in ons samelewing; die ekonomie wat geweldig broos is; die gesondheid- en onderwysstelsel wat onder baie druk verkeer; magsvergrype en korrupsie; drankmisbruik; geslagsgebaseerde geweld; ’n toename in geestesverwante siektes soos depressie en vele meer.

Die invloed van al hierdie aspekte op die psige van die mens sal duideliker word in die maande wat kom.

’n Ander groot vraag is natuurlik wat die “nuwe normaal” inhou vir die kerklike landskap en ons kerkbegrip. Die afgelope vyf maande het groot uitdagings aan kerke gestel. Die kerk is immers nie gespaar van die krisis nie. Reeds aan die begin van die inperking het ons mekaar herinner dat al is die fisiese kerkgebou vir ’n bepaalde tyd gesluit, dit nie beteken dat die invloed van die kerk ophou nie. Ons is die kerk en oral waar die liggaam van Christus beweeg is daar die potensiaal vir getuigenis, opbou, herstel en genesing.

Van die positiewe aspekte wat in hierdie uitdagende tyd

geleer is, is die wonderlike moontlikhede wat tegnologie bring om ons gemeente se visie “Lewe vir die Stad” uit te bou. Aanlyn eredienste, oordenkings, bidure, vergaderings en kursusse het die Goeie Nuus na ’n baie breër gehoor (letterlik op al vyf kontinente) geneem as wat ons ooit kon dink of droom. As leierspan is ons ook uitgedaag om in hierdie tyd kreatief te fokus op ons kernbesigheid naamlik die fisiese en pastorale versorging van lidmate en weerloses in ons gemeenskap.

Daar is egter ook uitdagings wat kerk-wees in die kuberruim nie kan oorbrug nie. Virtuele liturgie loop die gevaar om die gemeenskap van gelowiges te “de-lokaliseer”. Liturgie word letterlik vertaal as “die werk van die mense”. Gedeelde eienaarskap van die erediens word dus afgewater. Daar is ’n gebrek aan gemeenskap van gelowiges, ’n gebrek aan ons unieke karakter van gasvryheid en aan ’n gemeenskaplike ervaring van liturgiese momente soos die sakramente, lofprijsing en gebede. Dit is vir seker ’n groot gemis by almal van ons. Hoewel ’n mens dankbaar is vir die reëling van maksimum-50-eredienste bly baie van die bogenoemde aspekte steeds ’n probleem. In ’n gemeente soos ons s’n wat gebou is op ’n diversiteit van verskeie eredienste is dit ’n groot leemte.

Een ding is egter seker: Christus hou self Sy kerk oor al die eeue in stand en daarom kan niks ons ontspoor nie. Die kerk het deur die eeue verskeie krisisse en pandemies oorleef. Die koronavirus-uitdaging is net nog een daarvan. Vir ons gemeente beteken die “nuwe normaal” dus om met nog groter toewyding en kreatiwiteit die koninkryk van die Here te bou; om aan te hou om ons lidmate en die gemeenskap te dien; om steeds ’n suiwer boodskap van hoop te bring waar vrees en moedeloosheid heers en om ’n ruimte te wees waar alle mense wat die Here liefhet ’n geestelike tuiste vind.



LEWEGEWEND VIR DIE STAD HALFJAAR FINANSIËLE RESULTATE

Saret Britz

Kyk nuut na kerkwees

Ons slaag steeds om kerk te wees op nuwe maniere, ten spyte van die inperking. Ons is dankbaar vir spesiale skenkings wat ons nie net vir operasionele koste aanwend nie, maar ook kan uitdeel waar die nood die grootste is.

Spesiale skenkings: **49%** meer as begroot.

Begrotingsaanpassings

Ons moes noodgedwonge die begroting aanpas – eredienste lyk nou anders en ons inkomstebronne het verander. Ons moes die begrote uitgawes met 20% sny – dit sluit salarisse, instandhouding en gemeentekuiers in.

Koorfees en basaar

Die 2020 Koorfees moes gekanselleer word en die basaar soos ons dit ken is op ys, wat ons fondsinsameling 'n groot knou gegee het. Alternatiewe idees om steeds die boeke te laat klop sluit die wegneemetes op Vrydagaande in.

Kollekte en tiendes

Ook hier het ons nuwe patrone in inkomste gesien. Ons sien die tekens van swaarkry onder ons gemeentede en verneem van grootskaalse afleggings en werksverliese. Nogtans bereik ons gemeente nou persone ver buite ons fisiese gemeentegrense en kollekte kom selfs van die buiteland af in!

Ononderhandelbaar

Hulp aan die gemeenskap gedurende Covid- 19 is ononderhandelbaar. Ons staan sterk in die wete dat ons geseën word om ander te seën. Ons vat hande met Novo Futurum en help om nood te verlig deur armoedeverligting, opvoeding en opleiding. Selfs in moeilike tye slaag ons steeds daarin om hulp te verleen.

Ons nooi jou uit om by te dra

Kyk gerus by www.ngweltevreden.co.za hoe jy kan bydra.

So begin ons storie...

'n getuigenis deur Chané Boyce



In 2019 vind ons uit ek is swanger met 'n dogtertjie. Ons eerste kind, ook 'n dogtertjie, is 'n gesonde vierjarige en ondersoek en sonars het gewys dat hierdie baba ook gesond sou wees. Op 34 weke swanger was daar komplikasies, ons word hospitaal toe gestuur en om 02:45 op 4 Augustus 2019 word Leané gebore. Sy was blou, het nie eers gehuil nie en ons het gedink ons het haar verloor. Uiteindelik hoor ons iemand sê: "Sy lewe!". Sy word na 'n hospitaal met 'n NICU (neonatale intensiewesorg-eenheid) oorgeplaas waar sy vir 'n maand lank suurstof ontvang en aansterk.

Ons het 'n kardiologiese spesialis op ses weke besoek net om seker te maak alles is reg. Toe hy 'n "ego scan" doen om na haar hartjie te kyk, het die dokter se oë bly rek. Hy kon nie glo dat Leané sonder suurstof kon klaarkom nie. Sy word gediagnoseer met Truncus Arteriosus met verskeie komplikasies. Haar hartjie het 'n gat van 11mm, die hartklep is nie reg nie en haar bloed meng. Verder is haar regterlong nie direk aan haar hart gekoppel nie maar aan die hoofaar wat bloed na die res van die liggaam pomp. Haar regterlong kry te veel bloed en die linkerlong is glad nie aan die hart gekoppel nie. Sy lewe met een werkende long, maar wonderbaarlik is die linkerlong lewendig en het dit self klein aartjies gevorm wat gekoppel is aan een van haar organe!

Ons is huis toe en het geweet daar is groot fout, maar daar was nog nie antwoorde nie. Terwyl die spesialis gewag het vir 'n teaterplan uit China het Leané longontsteking gekry en is sy in die hospitaal opgeneem. Twee weke later was sy gesond maar afhanklik van suurstof. Ons het gou geleer dat kinders met 'n swak immuunstelsel vatbaar is vir enige kiem wat hulle dodelik siek kan maak. Daardie selfde dag nog het Leané siek geword en die volgende oggend opgehou asemhaal. Sy was yskoud en spierwit. Sy het 'n bakteriese infeksie in haar long gehad en haar liggaampie was te moeg om terug te veg. Sy is terug na die NICU en op 'n ventilator. Die infeksie het na die

hele regterlong versprei en haar enigste werkende long het ook platgeval. Daar was 'n groot moontlikheid dat sy dit nie sou maak nie. Ons het gebid – so hard gebid en ons geloof en vertrou ten volle in God geplaas. Ons het gevra dat Sy wil sal geskied. Die volgende dag was haar long nie meer platgeval nie. Later die dag is sy van die ventilator afgehaal en die dag daarna uit die NICU geskuif. Ons geloof in God is so versterk! Ons weet daar is 'n lewende God!

In Desember 2019 word Leané geopereer. Die plan was om die linker- en regterlong aan mekaar te koppel en dan direk aan die hart te koppel. Vir twee ure lank het die spesialis probeer vasstel aan watter organe die fyn aartjies op die linkerlong gekoppel is, maar daar was nie antwoorde nie. Hulle kon nie die aartjies knip en koppel sonder om te weet waarheen hul lei nie omdat dit 'n massiewe hartaanval tot gevolg sou hê. Uiteindelik is die hoofaar waaraan die regterlong gekoppel is, slegs vernou om die drukking te verlig. In die NICU het sy weer longontsteking opgedoen en elke tweede dag ophou asemhaal. Ek het deurentyd vasgehou aan my geloof. Sy was vir tien dae op 'n ventilator en het toe skielik binne 'n dag so verbeter dat sy oorgeplaas is na 'n gewone saal.

Terug by die huis toe dinge rustiger word, het die gebeure van die vorige paar weke net te veel geword en ek het in 'n diep donker gat beland. Maar ek kon met die hulp van my man, vriende, familie, NG Weltevreden en Honeyridge Baptist Church weer moed skep.

Op 4 Augustus 2020 het Leané haar eerste verjaarsdag gevier. Wat 'n groot een om te vier! Haar mangels is onlangs verwyder om spasie in haar lugweg te maak vir nog operasies en dit het goed afgeloop. Sy is andersins gesond, sny tande, kruip, staan teen alles op en is vreeslik besig! Ons is so dankbaar dat die Here haar gespaar het. Hy het 'n plan met haar lewe! Ons is so geseënd met ons twee pragtige meisiekinders.



Alda Boer

Roodepoort Sentrum vir Bejaardes

Dit is met groot waardering dat ek 'n spesiale dankie sê aan almal – lidmate en nie-lidmate – wat die gemeente ondersteun en ons sodoende help om op een of ander wyse 'n verskil te maak in mense se lewens deur onder andere:

- ◆ Finansiële skenkings vir ons koskas en gesinne in nood.
- ◆ Dankoffers.
- ◆ Die aankoop en verspreiding van geskenkbewyse ("vouchers").
- ◆ Weeklikse donasies van nie-bederfbare kos en toiletware wat op Vrydae aan gesinne in nood uitgedeel word.
- ◆ 'n Bord gekookte kos te gaan aflewer waar dit nodig is.
- ◆ Skenkings soos koeldrank, groenmielies en die gereelde aartappelskenkings wat ons ontvang.
- ◆ Die wonderlike ondersteuning van die maskerprojek.

Ons benodig ongeveer R18 000 elke drie tot vier weke om gesinne in hierdie tyd van inperking en gepaardgaande werksverliese te ondersteun. Dit stel ons in staat om hierdie gesinne te help met kos, elektrisiteit, medikasie, en ander benodighede.

Hier het die gemeente gehelp met maskers vir bejaardes asook koeldrank en gebak om hul lewens te vergemaklik. Novo Futurum het hulle ondersteun met die aankoop van beskermende klere vir hul versorgers.





Ons Huis

Ons kon hier help met die koeldrankskenking en 'n finansiële skenking vir hul ekstra uitgawes in die Covid-19-tydperk.

Abraham Kriel, Jan Hofmeyer, Cradle of Hope, Dobsonville

Hierdie voedingskemas asook lidmate in ons gemeente is gehelp met die aartappel- en groenmielieskenkings. Baie dankie vir hierdie volgehoue hulp en ondersteuning!

Verskeie mense word ook gehelp met geskenkbewyse. Dit sluit lidmate in sowel as mense wat in ons omgewing woon en bitter swaarkry.



Indien jy graag op een of ander manier betrokke wil raak, skakel asb. vir Alda Boer, Direkteur Versorging, by die kerkkantoor (tel 011 475 5510).

Jy is welkom om te vra dat jou skenking of donasie vir 'n spesifieke doel of projek beskikbaar gestel moet word. Meld dit dan asb. in jou verwysing wanneer jy geld in die kerk se rekening inbetaal.

Vir elektroniese betalings:

NG Weltevreden
Absa Clearwater
Rek: 0730 580 460

Verwysing: Naam+Van+Waarvoor



Nuus: Silwerhoekie

Nellie Cool, koördineerder van die Silwerhoekie, en die span het by hul tradisie gehou om gedurende Julie 'n Pannekoekdag te hou. Vroeër jare het Nellie 'n groot klomp deeg aangemaak, almal het hul gasstofies gebring en dié wat nie bak nie, strooi die kaneelsuiker en rol op. Hulle het gewoonlik in die saal en in die sonnetjie gekuier en niemand het honger huis toe gegaan nie!



Vanjaar het hul gevoel dat hulle nie die geleentheid verby kan laat gaan nie. Elkeen het self pannekoeke gebak en 11 vm. op 'n Dinsdag in Julie het hulle in die gees in hul eie sonskynhoekie saam gesmul. Magda het voorgestel hul bak reënboogpannekoeke. Die foto is van Nettie se gebak. Sommige het sommer vir die bure ook by hul hekke 'n verrassing afgelewer.

Dankie Nellie en span, julle is staatmakers!

Indien jy ook deel van hierdie opgewekte en aktiewe groep wil wees skakel vir Alda Boer by die kerkkantoor (011 475 5510).



Nuus: Huis Erasmus

Huis Erasmus is deel van die Abraham Kriel/Maria Klopper Kampus, ook bekend as Bambanani Kinderhawe. Marie du Toit, koördineerder vir Huis Erasmus, Willemien en hul span het dwarsdeur die Covid-19-tydperk kontak met die kinders gehou. Hulle het met toestemming op 'n veilige afstand weerskante van die hek gekuier. Die kinders is bederf met bedsokkies, kruideniersware en warmwatersakke. Ons kon vir hulle 'n mat aankoop vir die koue sitkamervloer. Ons vrywilligers het ook die kinders wat verjaar bederf deur steeds vir hulle geskenkies en koek te neem op dié spesiale dae.

Baie dankie vir jul volgehoue betrokkenheid by die kinders in dié moeilike tyd van afsondering.

Indien enigiemand by die projek betrokke wil raak kontak gerus vir Alda Boer, Direkteur Versorging, by die kerkkantoor (011 475 5510).



Mandeladag 2020

Tanya Krause

Nie almal voel dieselfde oor die viering van Mandeladag op 18 Julie elke jaar nie. Dis egter een van my gunstelingdae in die jaar! Ek glo wel ons behoort goed te doen en te gee regdeur die jaar, want dit is wat van ons verwag word as Christene (nie Nelson Mandela nie). Sulke dae skep egter die geleentheid vir 'n klomp mense om goed te doen en terug te gee; iets wat hulle dalk nie andersins sou doen nie.

Ons het groot planne gehad vir hierdie jaar se Mandeladag, maar toe gebeur Covid-19 en ons moes nuwe planne maak. Ons sou nie vanjaar die glimlagte op die haweloses se gesigte sien as hulle 'n serp en mus kon kies vir hulself (en sommiges vir hulle vrouens en kinders ook!) of geselsies maak met hulle rondom die tafel met die "Cup of Soup" en broodjies nie. Ons sou nie vir hulle kon bid nie.

Ons kon egter steeds 'n verskil maak deur met ander organisasies hande te vat. Ons het musse, serpe, handskoene en komberse geskenk aan die Fluffy-fonds wat betrokke is by verskeie projekte soos sopkombuise asook toebroodjies en kospakkies in arm gemeenskappe. Van die musse en serpe is ook geskenk aan die Breast Health Foundation vir hul staatskanker pasiënte. Op kort kennisgewing het ons julle om asb. 300 cupcakes te bak. Ons kon meer as 400 cupcakes by die Roodepoort Sentrum



vir Bejaardes aflewer en 25 vir die kinders by Baba Moses! Elke vrolike cupcake wat vroegoggend afgelewer is, het my kinderlik gelukkig gemaak! Ons kon wel nie die glimlagte op hul gesigte sien terwyl hulle smul aan 'n heerlike stukkie koek nie, maar ons weet dat hulle ongelooflik dankbaar is dat ons aan hulle gedink het in hierdie tyd waar daar maar min plesiertjies in die lewe is.

Ek glo regtig dat die meeste mense goed is en graag wil help. Hulle weet net nie altyd hoe en waar nie en daarom word geleenthede soos Mandeladag geskep vir mense om 'n verskil te maak. Dankie aan elkeen wat op een of ander wyse bygedra het. Weet dat jy iemand se dag opgekikker het al was dit met iets kleins soos 'n cupcake of 'n lekker warm mus.

**Dankie aan elkeen wat ons Weltevreden "drive-thru" op 28 Augustus ondersteun het!
Dis was so lekker om almal te sien. Kyk uit vir ons volgende een!**





'n Paar maande gelede luister ek in my motor op pad werk toe na 'n gesprek oor lag-joga. Ek was dadelik geïnteresseerd want ek maak self dikwels in terapie van humor gebruik indien mense gemaklik is daarmee en dit help my ook om moeilike situasies te hanteer.

Dit klink na 'n vreemde konsep. Die instrukteur begin deur voor te stel dat 'n mens waar jy ookal is, hardop moet lag. Ek weet die brein kan baie maklik gemanipuleer word en begin toe maar hardop saamlag. Ek kyk om my rond om te sien wie kyk en voel nogal ongemaklik. Maar ek raak so betrokke in die vreemde situasie dat ek heerlijk saamlag en dit sonder dat 'n grap vertel is of iets snaaks gebeur het. Ek stap toe met 'n glimlag by die werk in!

Ek lees die een artikel na die ander oor die krisis waardeer ons mense en ons land gaan in die tyd van Covid-19. Ek is betrokke by mense wat hul werk verloor en verhoudings wat onder baie druk verkeer as gevolg van spanning asook finansiële en emosionele nood. Ons spring almal in en help waar ons kan. Die knop in my keel word al groter soos die tyd aangaan. Die gevoel van magteloosheid lê soos 'n kombers voor my en ek moet keer dat dit nie oor my kop gegooi word nie. Dan besef ek dat ek humor nodig het om my batterye te laai. Ek dink weer aan die dag in die motor en daar kom lê 'n groot glimlag in my gemoed.

Lag is goed vir die liggaam, siel en gees. Dokters skryf dat lag verskeie voordele het:

- ❖ **Dit verbeter jou gemoedstoestand.** Dit verhoog bloedvloeï, suurstof en endorfiene in jou brein. Jy kan nie angstig, kwaad of hartseer voel terwyl jy lag nie en baie van dié gevoelens word ontloot wanneer jy lag.
- ❖ **Dit verbeter jou geheue.** Navorsing aan die Universiteit van Loma Linda in Kalifornië het bevind dat deelnemers wat na komiese video's gekyk het 43.6% beter gevaar met geheue-toetse as die kontrolegroep.
- ❖ **Dit is 'n vorm van oefening.** Daar word gesê ons verander fisiologies as ons lag. Ons beweeg spiere op ons gesig en liggaam, ons polsslag verhoog en ons haal vinniger asem, wat meer suurstof na ons weefsel stuur.

Die uitwerking van lag en oefening is baie dieselfde en indien jy lag kombineer met bewegings soos om jou arms te swaai is dit 'n goeie manier om jou hartklop te versterk. Dit verbeter ook jou bloedsomloop, verlaag bloeddruk en verminder streshormone, verbeter slaappatrone en versterk jou immuunstelsel.

Hoe kan ons meer lag?

- ➔ Omring jouself met positiewe mense wat maklik lag.
- ➔ Lag saam met kinders, woon lag-joga klasse by of besoek komedie-klubs wanneer dit weer toegelaat word.
- ➔ Lees boeke wat vrolike onderwerpe bespreek, koop goeie grappie-boeke, kyk na lighartige komedies of opgeruimde programme.
- ➔ Maak 'n punt daarvan om vir ander te glimlag. Ek het voor die inperking doelbewus begin om vir mense in 'n winkel te glimlag en ek was aangenaam verras met hul reaksie. Selfs nou met ons maskers op kan ons doelbewus glimlag; mense sien dit aan jou oë.
- ➔ Vervang negatiewe gedagtes doelbewus met aangename en prettige herinneringe.
- ➔ Studies toon dat mense met troeteldiere laer vlakke van depressie beleef. Lag en speel saam met jou troeteldier!

Ek het inderdaad self van hierdie metodes gaan beproef en dit het my en my gesin lekker laat lag! Ek daag jou uit om ook 'n manier te vind om jouself en ander meer te laat lag en indien jy baie ernstig van aard is, begin deur doodeenvoudig meer te glimlag en die ligter, ironiese kant van ernstige situasies raak te sien. Glimlag is die eerste stappie na lag en soos met baie dinge bereik jy net jou doelwit deur die eerste tree te gee.

Kom ons kies om mekaar ook in hierdie moeilike tyd te help om die grendels van negatiewiteit te breek deur ons omgee, liefde en versorging en om mekaar te help om weer te kan lag en lig aan die einde van die tunnel te sien.

Want lag gee ons vlerke!